higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 3

(9020083)

4 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 13 bladsye.

070Q1N2204

Kopiereg voorbehou

TYD: 2.5 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die epidermis van die vel bestaan uit ... lae.

A een
B twee
C drie
D vier

1.1.2 'n Orgaan wat in die hipogastriese streek geleë is.

A Hart
B Blaas
C Lewer
D Nier

1.1.3 Die byniere is ... die niere geleë.

A bokant
B voor
C langs
D onder

1.1.4 Die sentrale senuweestelsel bestaan uit die brein en die …

A kraniale senuwees
B vertebrale kolom
C rugmurg
D tiroïed

1.1.5 Die hart bestaan uit ... lae.

A een
B drie
C twee
D vier

1.1.6 Die melkkliere maak deel uit van die ... stelsel.

A limf-
B respiratoriese
C spysvertering-
D endokriene

1.1.7 Die ... voorkom droogheid van die oog.

A konjunktiva
B sklera
C kornea
D iris

1.1.8 ... is ’n voorbeeld van ’n swaminfeksie.

A MIV
B Atleetvoet/voetskimmel
C Wurms
D Muskiete

1.1.9 Om op ’n warm dag te sweet, is ’n voorbeeld van ’n ...


A positiewe versterking
B gekondisioneerde respons
C ongekondisioneerde respons
D negatiewe versterking

1.1.10 ... is ’n kernkonsep van die psigodinamiese benadering.

A Maturasie
B Respons
C Behoeftesiklus
D Bewussyn

(10 × 1) (10)

1.2 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.



[Bron: https://www.google.com/search?q=image+digestive]

1.2.1 Identifiseer die gedeeltes wat 1–7 benoem is. (7)

1.2.2 Noem die gedeelte wat nommer 10 benoem is. (1)

1.2.3 Gee die funksie van die gedeelte wat nommer 10 benoem is. (2 × 1) (2)

1.2.4 Verduidelik die posisie van die orgaan wat nommer 9 benoem is. (3)

1.2.5 Noem die orgaan wat nommer 8 benoem is. (1)

1.2.6 Bespreek waarom ons gesondheid in gevaar is as die orgaan wat nommer 8 benoem is versuim om sy funksie te verrig. Staaf jou antwoord. (4 × 1) (4)

1.3 Bespreek waarom ’n persoon wat MIV het, geneig sal wees om opportunistiese infeksies op te doen. (2 × 1) (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies ’n item/woord uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	’n Opportunistiese infeksie	A	vetterig
2.1.2	’n Spier van die voorarm	B	inguïnale limfkliere
2.1.3	Die hartklep geleë tussen die regteratrium en regterventrikel	C	Jean Piaget
		D	virusse
2.1.4	’n Struktuur wat die hart in ’n linker- en regterkant deel	E	septum
2.1.5	’n Orgaan wat ± 5 m lank is	F	fungi
2.1.6	Weefsels wat in die hipodermis van die vel aangetref word	G	falliese stadium
		H	herpes simplex
2.1.7	’n Limfatiese orgaan	I	Sigmund Freud
2.1.8	Gevaarlike mikroörganismes wat ’n vensterperiode het	J	trikuspidale
2.1.9	’n Teoretikus in die psigodinamika	K	bragioradialis
2.1.10	’n Teoretikus wat geglo het dat kinders in hul omgewing leer	L	dunderm
		M	kolon

(10 × 1) (10)

2.2 Identifiseer die psigoseksuele stadium van Sigmund Freud in elke illustrasie en bespreek hoe elkeen verband hou met die stadium wat jy kies. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1



[Bron: *https://www.google.com/search?q=image+baby+siting+on+a+potty*]

2.2.2




[Bron: https://www.google.com/search?q=image+young+girls+playing+skipping]

2.2.3




[Bron: *https://www.google.com/search?q=image+baby+sucking+thumb+cllip+art*]

2.2.4



[Bron*: https://www.google.com/search?q=image+teenage+boy+and+girl]*

2.2.5



[Bron: https://www.google.com/search?q=image+baby+pulling+on+diaper]

(5 × 2) (10)

2.3 Bespreek VYF maniere waarop jy na jou vel moet omsien. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 Gasuitruiling vind in die brongi plaas.

3.1.2 Erik Erikson is bekend vir sy droomstudies.

3.1.3 Tydens die konkreet-operasionele stadium van Jean Piaget word kinders minder egosentries.

3.1.4 Die temporale bene is agterste skedelbene.

3.1.5 Die trapesiusspier is aan die voorkant van die nek.

3.1.6 'n Skoon omgewing is belangrik vir 'n sterk immuunstelsel.

3.1.7 'n Blinde persoon se gesigsintuig bied beskerming wanneer 'n gebou aan die brand is.

3.1.8 Negatiewe versterking is daarop gerig om ongewenste gedrag uit te skakel.

3.1.9 B.F. Skinner is bekend vir sy eksperimente met honde.

3.1.10 Om te dink dat jy die slimste persoon ter wêreld is, is 'n voorbeeld van die ego. (10 × 1) (10)

3.2 Dui aan of die volgende stellings voorbeelde van 'n GEKONDISIONEERDE of ONGEKONDISIONEERDE respons is deur slegs 'Gekondisioneerde' of 'Ongekondisioneerde' langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.2.1 Honger in reaksie op die reuk van kos.

3.2.2 Om bang te wees vir honde nadat 'n hond jou gebyt het.


3.2.3 Om te skrik as jy 'n harde geluid hoor.

3.2.4 Om te kwyl in reaksie op 'n suur smaak.

3.2.5 'n Vrees vir bestuur nadat jy in 'n ernstige padongeluk betrokke was. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

3.3 Bestudeer die illustrasie hier onder en benoem die dele. Skryf slegs die antwoord langs die letter (a)–(g) in die ANTWOORDBOEK neer.



[Bron: *https://za.pinterest.com/pin/532692080729358551* /769552655071541002] (7)

3.4 Bespreek VIER maniere waarop die immuunstelsel en bloed op 'n longinfeksie sal reageer. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Kies EEN woord of term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

hipertermie; farinks; levator palpebrae superioris; timus; radiale arterie; trigeminale senuwee; bragiale arterie; hipertermie; gevolge; manubrium; maturasie; pia mater; hoendervleis; nekslagare; femorale senuwee

4.1.1 Spiere wat die oë oopmaak.

4.1.2 Die boonste gedeelte van die sternum staan bekend as die …

4.1.3 Die ... is die binneste membraan wat die brein beskerm.

4.1.4 'n Senuwee wat impulse na die gesig gelei.

4.1.5 Abnormaal hoë temperature.

4.1.6 Die gebeure wat ná 'n handeling plaasvind.

4.1.7 'n Respiratoriese struktuur wat in die nek aangetref word.

4.1.8 ’n Immuunorgaan wat die liggaam teen invalle beskerm deur witbloedselle te produseer.

4.1.9 Groei en ontwikkeling en die vermoë om op ’n emosioneel toepaslike manier te reageer.

4.1.10 ’n Hoofslagaar wat suurstofryke bloed aan die arm voorsien.

(10 × 1) (10)

4.2 Teken ’n geheuekaart om die strukture aan te dui wat die torakale organe beskerm. (10 × 1) (10)

4.3 Bespreek VYF maniere waarop mense in jou gemeenskap hul immuunstelsel verswak. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5


5.1 Voltooi die onderstaande tabel. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

ENDOKRIENE STELSEL		
KLIER	**HORMOON**	**FUNKSIE**
5.1.1	Tiroksien	5.1.2
Bynier	5.1.3	5.1.4
5.1.5	5.1.6	Melkproduksie
5.1.7	Estrogeen, progesteroon	5.1.8
Testes	5.1.9	5.1.10

(10 × 1) (10)


5.2 Identifiseer en bespreek die beskerming van TWEE sintuie in elke illustrasie. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1



[Bron: https://www.shutterstock.com/image-vector/boy-being-chased-by-dog-1543283207]

5.2.2



[Bron: https://www.dreamstime.com/illustration/burning-car.html]

5.2.3



[Bron: https://www.indiaparenting.com/coloring-pages/wallpapers/5fe1a2cb16a88/E/Rainy-Day-Happy-Guy]

(3 × 4) (12)

5.3 Persoonlikheid is die kombinasie van kenmerke of eienskappe wat 'n individu se onderskeidende karakter uitmaak.

5.3.1 Noem DRIE verskillende persoonlikheidstipes. (3)


5.3.2 Noem VYF sterk punte wat 'n persoon met 'n ekstroverte persoonlikheidstrek in die werksplek sal hê. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.

DIE HART



[Bron: https://za.pinterest.com/pin/319263061069299517/]

6.1.1 Skryf die name van die verskillende dele van die hart wat 1–9 benoem is. (9)

6.1.2 Gee VIER kleppe wat in die hart aangetref word. (4)

6.1.3 Wat sal gebeur as die hart ophou klop? (6 × 1) (6)

6.2 Noem die DRIE lae wat beskerming aan die testes verleen. (3)

6.3 Gee SES funksies van die skelet. (6)

6.4 Wat is die naam van die eerste stadium van Erik Erikson se ontwikkelingsteorie? (2)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou